



## SPORTBELEID

**Die doel met die afrigting van sport is die volgende:**

Om leerders te leer om;

- respek vir sy/haar liggaam te hê.
  - Hou jou liggaam, houding en gedagtes rein
  - Strewe na liggaamlike fiksheid
- eerlik en binne die reëls vd spel te speel.
- nie die skeidsregter se beslissing in twyfel te trek nie.
- met trots te wen en met waardigheid te verloor.
- sy sukses met ander te deel en nie die eer aan homself/haarself toe te eien nie.
- om aan 'n verskeidenheid van sportsoorte deel te neem.
- die vaardighede wat die sport verg aan te leer en te bemeester.
- 'n liefde vir die spel te ontwikkel.
- om dankbaar teenoor die Skepper te wees vir die talente wat hy/sy ontvang het.

**Ander sake van belang.**

1. Deelname vir almal is belangrik en sover moontlik sal alle leerders afrigting ontvang en in spanne opgeneem word.
2. Tjokkies sal aan die onderskeie sportkodes se ligas, soos deur die Primêre Skole Vereniging bepaal word, deelneem.
3. A & B spanne neem deel en die spanne word op meriete gekies.

4. Waar daar wel liga is vir C & D spanne is, sal Tjokkies deelneem. Om vir almal die geleentheid om deel te neem te gee, kan en sal die afrigters hierdie spanne so saamstel dat meriete nie die hoofogmerk is nie, maar wel geleenthede vir almal. Alhoewel die spelers steeds sal speel om te wen, word die wenmotief nie as doelwit gestel nie.
5. **Onderwysers sal nie in ouderdomsgroepe waarby hulle eie kinders betrokke is, afrig nie. Dit geld ook vir ouers wat by afrigting betrokke is.**
6. Buite-afrigters, soos studente, word gebruik om spanne af te rig waar die skool nie oor die nodige mannekrag of kundigheid beskik nie.
7. Geen ouer mag hom inmeng by die kies van spanne en posisies van spanlede nie.
8. Alhoewel ouers welkom is om met afrigters in gesprek te tree, moet afrigters enige vorm van konfrontasie en konflik te alle tye vermy. Waar meningsverskille of ongelukkighede is, behoort elke ouer nie nodige lynfunksie te volg.  
Lynfunksie is as volg:
  - o Akitiwiteitshoof
  - o Sporthoof
  - o Skoolhoof
  - o Beheerliggaam
9. Die wenmotief, ten alle koste, is ook nie deel van Tjokkies se sportbeleid nie.
10. Sien die toerbeleid hierby aangeheg.

**GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGAAM OP 23 FEBRUARIE 2016**



Mnr W Burger  
Voorsitter vd BL.